Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, January 19, 2023
Page: 25

Só werk belasting by dood

Ek kyk vandag kortliks na van die algemeenste belastings by dood. Ek kry byvoorbeeld gereeld vrae van lesers wat wil weet of hulle kapitaalwinsbelasting moet betaal op eiendom wat hulle erf.

Die algemene beginsel is dat die oorledene se belastingsake in orde moet wees voor die boedel afgehandel kan word. Uitstaande belastings, soos inkomstebelasting en belasting op toegevoegde waarde (BTW), moet uit die kontant in die boedel betaal word. Vandaar die nodigheid om te sorg vir genoeg kontant in die boedel. Andersins moet boedelbates dalk verkoop word – bates wat jy wou gehad het iemand moet erf – om belasting te kan dek.

Dieselfde beginsel geld uitstaande skuld.

KWB

Die oorledene is verantwoordelik vir die betaling van kapitaalwinsbelasting (KWB) op sy bates. Die wet sê by dood het die oorledene afstand gedoen van sy bates (soos vaste eiendom) en daarom skep dit 'n KWB-gebeurtenis. Die "wins" is die verskil tussen die basiskoste (aankoopprys en toegelate verbeteringe) wat afgetrek word van die markwaarde op dag van dood.

In die geval van 'n primêre woning is R2 miljoen van die wins kwytgeskeld. Verder het die oorledene in die jaar van sy of haar dood 'n kwytskelding van R300 000 (dit is R40 000 per jaar andersins). Ná hierdie kwytskeldings word 40% van die wins in ag geneem vir KWB.

Die erfgenaam kry die eiendom teen die markwaarde by dood. As hy of sy dit later van die hand sou sit, word 'n soortgelyke som gemaak asof die waarde toe dit verkry is, die basiskoste is. Die erfgenaam betaal dus nie KWB op die erfbate by vererwing nie.

Dit werk anders as die bate na 'n gade vererf. Dan "rol" die basiskoste oor na die langslewende gade en is geen KWB betaalbaar nie. Maar wanneer daardie gade die dag die bate van die hand sit, word die wins bereken soos hierbo, met die oorspronklike basiskoste as beginpunt.

Die probleem kom in as die bate na byvoorbeeld 'n kind vererf, met 'n vruggebruik vir die oorlewende gade. Dan word die KWB in die oorledene se boedel bereken soos hierbo, minus die waarde van die vruggebruik aan die oorlewende gade. KWB word net gehef op dié verminderde markwaarde.

Die erfgenaam verkry dan die bate teen die verlaagde markwaarde, wat sy of haar KWB-verpligting later wanneer die bate van die hand gesit word, die hoogte kan laat inskiet.

Daar is veel meer aan KWB as wat ek hier noem. Kry kundige raad met jou boedelbeplanning.

HEREREGTE

Daar is geen hereregte betaalbaar op erfbates nie. Selfs waar 'n herverdelingsooreenkoms tussen erfgename aangegaan word, is die bate wat verruil word, ook kwytgeskeld van hereregte.

BOEDELBELASTING

Boedelbelasting kom ter sprake as die belasbare boedel meer as R3,5 miljoen is. Om by die belasbare boedel uit te kom, moet alle eiendom en eiendom wat geag word eiendom te wees, in ag geneem word en daarvan moet alle tersaaklike aftrekkings gedoen word.

Die belasting word betaal deur die boedel en nie die erfgenaam nie, buiten in die geval van 'n polis wat regstreeks aan iemand uitbetaal. Dan is die persoon verantwoordelik vir die pro rata-gedeelte daarvan op die boedelbelasting. **LBW**

Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac.

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,
e-pos: **nico@finlac.com**
Twitter: **@Nicovangijsen**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.